Laerskool Birchleigh

Inligting tot 'n beter toekoms.

LAERSKOOL BIRCHLEIGH

GROEI

Die skool wat beïndruk.

INHOUDSOPGAWE

1. Toelatingsbeleid 1

2. Kernwaardes..... 3

3. Die visie van Laerskool Birchleigh..... 3

4. Die missie van Laerskool Birchleigh..... 3

5. Finansiële aangeleenthede..... 4

6. Skooldrag..... 5

7. Buitemuurse - aktiwiteite..... 7

8. Tuiswerk in die Intermediêre - en Seniorfase..... 7

9. Rekenaarsentrum..... 8

10. Birchleigh Bytjies..... 8

11. Strukturering van bestuurspan..... 9

12. Wat bied Laerskool Birchleigh?..... 10

LAERSKOOL BIRCHLEIGH

Geagte Gr. 1 en nuwe leerderouers,

HARTLIK WELKOM BY LAERSKOOL BIRCHLEIGH

Getrou aan ons leuse "Groei" bied ons by Laerskool Birchleigh aan elke leerder die geleentheid om optimaal te ontwikkel en die beste te wees wat hy/sy kan wees. Die uitdaging van 'n goeie opvoeding verg positiewe betrokkenheid. Deur toewyding streef ons na uitmuntendheid, daarom groei ons hier by Laerskool Birchleigh op gebed, handevat en harde werk.

Ons handhaaf sekere kernwaardes:

- D.m.v. Afrikaanse onderig mik ons na hoë akademiese standaarde, gefundeerd op Christelike beginsels.
- 'n Omvattende opvoedingsprogram: Deelname op Akademie, Sport - en Kulturele vlak is waardevol om elke leerling in sy totaliteit op te voed.
- Ouervennootskap in die opvoedingstaak.
- Effektiewe bestuur op gesonde sakebeginsels.

Hiermee rig ek ook 'n vriendelike uitnodiging aan elke ouer: maak gebruik van ons oop kommunikasiekanale, raak doelbewus betrokke en word deel van u kind se groei-ervaring by Laerskool Birchleigh.

Wees verseker van 'n dinamiese onderwyspersoneel wat met groot sorg u kind sal onderrig en opvoed, om seker te maak dat die klein boompies wat ons vandag plant, oneindig baie vrugte sal dra in die toekoms.

Mag u kennismaking met Laerskool Birchleigh 'n bly-te-kenne ervaring wees.

Mnr H. Stebbing

LAERSKOOL BIRCHLEIGH TOELATINGSBELEID

Laerskool Birchleigh is 'n openbare skool wat volgens erkende riglyne bedryf word. Geen leerder sal toelating tot Laerskool Birchleigh geweier word op grond van ras, kleur of geloof nie. Die taal van onderrig en leer by Laerskool Birchleigh is Afrikaans.

1. TOELATING

Toelating van alle leerders is onderworpe daaraan dat die ouer/voog en leerder hulleself onderwerp aan alle bepalings van die Grondwet van Laerskool Birchleigh soos goedgekeur deur die Gautengse Departement van Onderwys. By die inskrywing van nuwe leerders moet leerders se identiteitsdokument getoon word.

2. OUDERDOM

* Die toelatingsouderdom van 'n leerder in Graad 1 behoort nie ouer as 7 (sewe) te wees nie.

* Graad 2-7 word 1 jaar progressief vir elke graad toegevoeg met die inagneming dat die normale vorderingstempo gehandhaaf word.

Gevalle wat afwyk van die vereistes gestel in 2(1) sal individueel, ooreenkomstig meriete, deur die Gautengse Departement van Onderwys oorweeg word.

3. TAALVAARDIGHEID

Laerskool Birchleigh is 'n Afrikaans-medium skool. Afrikaans sal die onderwysmedium (eerste taal) van die skool wees. Engels sal die addisionele taal van die skool wees. Alle leerareas sal dus in Afrikaans onderrig word behalwe die addisionele taal.

4. AANVAARDING VAN ETOS EN DISSIPLINE VAN LAERSKOOL BIRCHLEIGH

4.1 Indien/wanneer 'n leerder tot Laerskool Birchleigh toegelaat word, onderneem die ouer(s) en leerder om toe te sien dat die etos (gees en karakter) en dissipline van die skool ondersteun en gehandhaaf sal word.

4.2 Aanvaarbare immuniseringskaarte van alle leerders moet op aanvraag getoon word.

4.3 Die Beheerliggaam hou die reg voor om verdere mediese vereistes te stel in enige geval waar dit na die oordeel van die Beheerliggaam wenslik blyk te wees.

4.4 Wangedrag: 'n Leerder wat 'n rekord het van wangedrag wat die normale gang van skoolaktiwiteite kan ontwrig, sal nie toegelaat word nie.

5. CHRISTELIKE ONDERWYS

Laerskool Birchleigh is 'n Christelike instelling. Die Woord van die Here is die basis van ons onderrig.

LAERSKOOL BIRCHLEIGH TOELATINGSBELEID

6. SKOOLBYWONING

Getroue skoolbesoek is uiters belangrik. So word pligsbesef by ons leerders gekweek. Indien 'n leerder afwesig was, moet 'n skriftelike verskoning by die voogonderwyser ingehandig word. Reël asseblief tandarts, dokter- en spesialisafsprake vir na-skoolure. Indien dit dringend van aard is, moet u skriftelike toestemming vra by die hoof. Lig ons asseblief in as u kind ernstig siek of in die hospital is. Ons kan besoek aflê en ook voorbidding doen.

7. SKOOLREËLS

Alle leerders sal die skoolreëls eerbiedig en gehoorsaam. Die reëls is min, maar word effektief toegepas.

8. SKOOLGELDE

Betaling van skoolgelde is verpligtend. Indien 'n ouer(s) nie kan betaal nie, moet hulle die skoolhoof nader en skriftelik 'n reëling tref soos voorgeskryf.

9. SKOOLDRAG

Laerskool Birchleigh het sy eie geregistreerde skooldrag vir seuns en dogters. Alle leerders wat die skool bywoon, trek die skooldrag aan soos voorgeskryf.

10. SKOOL- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Ingeskrewe leerders aan Laerskool Birchleigh sal te alle tye beskikbaar wees vir deelname aan skoolaktiwiteite gedurende skoolure of andersins soos verlang. Hierdie aktiwiteite sluit akademiese-, kulturele- en sportaktiwiteite in. Die lojaliteit en ondersteuning aan die skool, kry in hierdie verband voorkeur bo ander aktiwiteite, liggame en klubs.

11. BEHEERLIGGAAM

Hulle is u verteenwoordiger by ons skool, sal skoolgelde bestuur en beheer die belange van ons leerders na die beste van hulle vermoë.

Die beheerliggaam verkry die reg om enige aansoek op sy eie meriete te hanteer en sodanige leerder toe te laat volgens die regulasies van die Skolewet.

12. VERDERE VEREISTES

'n Verdere vereiste vir toelating tot die Laerskool Birchleigh is dat die ouer(s) en leerder die volgende twee doelstellings van die Beheerliggaam sal respekteer:

* Alle skoolaktiwiteite sal streng buite die politieke arena funksioneer en geen aksies wat die goeie orde van die skool kan versteur, sal toegelaat word nie.
* Die ouer(s) en leerder vrywaar die skool, sy werknemers, verteenwoordigers en amptenare teen enige aanspreeklikheid voortspruitende uit enige beserings of siekte van die leerder of enige ander skade hoegenaamd.
* Die personeel moet egter nie aan nalatigheid skuldig wees nie.

KERNWAARDES

VIR ONS SKOOL IS DIE VOLGENDE BELANGRIK

1. Onderrig geskied vanuit 'n Christelike perspektief!
2. Ons skool handhaaf hoë akademiese standaarde!
3. Ons personeel is bekwaam en kundig!
4. Ons leerders ontwikkel fisies deur massadeelname!
5. Ons leerders ontwikkel op kulturele gebied!
6. Ons leerders word gemotiveer om hulle volle potensiaal te bereik!
7. Ons ouers speel 'n integrale rol as prominente deel van die opvoedingspan.
8. Ons skool bied 'n harmonieuse en stimulerende opvoedkundige klimaat.
9. Ons Beheerliggaam verseker die hoogste vlak van effektiewe bestuur.

DIE VISIE VAN LAERSKOOL BIRCHLEIGH

Laerskool Birchleigh se visie is gehalte-onderwys vir almal,
teweeggebring deur die toewyding,
verbintenis,
en
ondersteuning van alle belangegroepe.

Die skool wat "BEÏNDRUK"

DIE MISSIE VAN LAERSKOOL BIRCHLEIGH

LAERSKOOL BIRCHLEIGH SE MISSIE IS:

Om doeltreffende kwaliteitonderwys en opvoeding te voorsien aan leerders van Laerskool Birchleigh en ons in besonder te beywer vir:

1. Die beskerming van Christelike waardes en vryheid van geloof.
2. Afrikaans as onderrigmedium te behou, maar ons leerders ten volle vaardig te maak in Engels en meertaligheid aan te moedig.
3. Die uitbou en beskerming van die karakter en etos van die skool.
4. Ons streef na 'n leerder wat die skool toegerus sal verlaat met die kennis, waardes, normes en vaardigheid vir 'n stewige fondament op sy/haar pad na volwassenheid.
5. Die ontwikkeling van ons leerders tot hul maksimum potensiaal.
6. Die ontwikkeling van ons eie opvoeders, deur hulle toe te rus vir die eise van die tyd.
7. Optrede binne die raamwerk van die lands-, provinsiale- en onderwyswetgewing.
8. Die skool te bestuur volgens gesonde sakebeginsels.

FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

1. FINANSIËLE BESTUUR VAN DIE SKOOL

Die Beheerliggaan aanvaar die verantwoordelikheid vir die finansiële bestuur van die skool en die generering van fondse om vir alle ander uitgawes van die skool, op die Departementeelgoedgekeurde diensstaat te betaal.

2. FINANSIËLE VERPLIGTINGE

Die Beheerliggaam van Laerskool Birchleigh dra die verantwoordelikheid om, benewens die subsidie wat ten opsigte van die vergoeding van personeel van die Staat ontvang word, fondse ter delging van die balans van die bedryfsuitgawes betrokke by die bedryf van die skool te delg:

* Instandhouding;
* Advertensiekoste;
* Administratiewe uitgawes;
* Munisipale gelde en heffings;
* Ouditeursgelde;
* Versekeringspremies op geboue, terrein en toerusting;
* Brandstof en dienste;
* Handbocke, skrifte, skryfbehoeftes en ander verbruikbare voorraad;
* Toerusting en onderwyshulpmiddels;
* Die lone en salarisse van personeel wat buite die goedgekeurde diensstaat in diens geneem is;
* Reperasies;
* Enige byvoordele wat volgens besluit van die Beheerliggaam aan die lede van die personeel toekom;
* Enige uitgawes wat die Beheerliggaam besluit om aan te pas.

3. FINANSIËLE INKOMSTE

- Onderriggelde:

* Die Beheerliggaam het die bevoegdheid om onderriggelde vas te stel, 'n ooreenkoms met die ouers aan te gaan en die terme en voorwaardes daarvan af te dwing.
* Die Beheerliggaam moet, met inagneming van die behoeftes van die skool, die sosio-ekonomiese status van die skoolgemeenskap, beginsels neerlê oor:

(A) Die verpligte bedrag betaalbaar per leerder per jaar.
(B) Uitstel van wyse van betaling soos neergelê in die skriftelike ooreenkoms hierbo vermeld.
(C) Hulp aan behoeftige leerders.

4. ALGEMENE JAARVERGADERING VAN OUERS

Die beheerliggaam moet tussen Julie en November elke jaar ooreenkomstig die bepalings van die regulasie, 'n Algemene Jaarvergadering van ouers by die skool belê, waartydens:

* Die skoolhoof en die voorsitter van die Beheerliggaam 'n gesamentlike skriftelike verklaring oor die skool vir die vorige jaar moet voorlê.
* Die nuutste geouditeerde finansiëlestate wat ooreenkomstig Regulasie 53 opgestel is, beskikbaar gestel word.
* Die begroting in regulasie 50 bedoel, voorgelê word.
* Enige saak met betrekking tot skoolgelde, bespreek kan word.
* Enige ander sake met betrekking tot die skool , bespreek kan word.

Bogenoemde is uittreksels uit:
Gauteng Departement van Onderwys 1995
en die Regulasies met betrekking tot Beheerliggame van Openbare Skole van 1997

WAGKLAS

Die skool begin om 7:30 en die Grondslagfase leerders wie se ouers hulle eers om 13:30 kan kom haal, bly by hulle onderwysers in die klas. Die Intersenleerders kom 13:30 uit. Ons wil u tog versoek om indien u die leerders nie stiptelik om 12:30 (Gr.1 en Gr.2) of 13:00 (Gr.3) kan oplaai nie, hulle maar liewer in die klas te laat wag. As hulle op die sypaadjie wag, speel hulle en kan dalk in die straat beland wat gevaarlik is.

SKOOLDRAG

SKOOLDRAG VIR SEUNS

Skoene:	Swart toerygskoene
Kouse:	Donkerblou met skoolkleure ingeweef
Broek:	Donkerblou kortbroek vir die somer en donkerblou langbroek vir die winter
Hemp:	Ougoud kortmouhemp vir somer en ougoud langmouhemp vir winter
Das:	Geen das vir die somer. Das met skoolkleure ingeweef vir die winter (opsioneel)
Trui:	Donkerblou met skoolkleure ingeweef
Pullover:	Donkerblou met skoolkleure ingeweef
Sweetpak:	Blou met skoolkleure ingeweef in baadjie en blou broek met 'n rooi streep vir die winter
Baadjie/ Windjakker en/ of Dri-mac:	Vir die somer en winter

SKOOLDRAG VIR DOGTERS

Skoene:	Swart plathak, skoolskoene
Kouse:	Donkerblou kort kouse met skoolkleure ingeweef
Broekie:	Dieselfde kleur as skoolrok
Trui:	Donkerblou met skoolkleure ingeweef (sonder knope)
Pullover:	Donkerblou met skoolkleure ingeweef
Rok:	Donkerblou soos verkrygbaar by leweransiers
Langbroek:	Donkerblou langbroek vir die winter
Hemp:	'n Ougoud langmouhemp word in die winter saam met die langbroek gedra
Das:	Das met skoolkleure ingeweef vir winter (opsioneel)
Sweetpak:	Blou met skoolkleure ingeweef in baadjie en blou broek met rooi streep vir die winter
Baadjie/ Windjakker en/ of Dri-mac:	Vir somer en winter

ALGEMEEN

1. Daar word besonder klem gelê op die netheid van ons leerders.
2. 'n Vriendelike beroep word op ons ouers gedoen om asseblief toe te sien dat ons leerders elke dag in volle skooldrag geklee sal wees.
3. Die seuns se hare moet netjies gesny wees.
4. As dogters se hare nie kort is nie, moet dit netjies gevleg of vasgebind wees met blou of geel linte of rekkies.
5. Geen juwele of versierings mag gedra word nie, behalwe 'n seëlring, polshorlosie of mediese plaatjies.
6. Dogters mag goue of silwer knoppies of ringetjies dra indien hulle gaatjies in hulle ore het.
7. Sweetpakke mag gedra word gedurende die winter saam met swart skoolskoene.
8. Dri-macs word toegelaat.
9. Verskaffers van Skooldrag:
   *Boundry Silk Bazaar, Benoniweg, Kempton Park (011 975 9292)
10. Die skool het ook 'n klerebank wat slegs Maandae vanaf 13:00 tot 13:45 tot u beskikking is.



BAIE BELANGRIK
Merk asseblief alle kledingstukke baie duidelik, dan kan ons u help om dit terug te kry indien dit verlore sou raak, anders kan ons u nie help nie.

Baie dankie vir u pragtige samewerking en positiewe gesindheid. Ons is altyd trots op ons leerders.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Betrokkenheid by Laerskool Birchleigh se buitemuurse aktiwiteite is vir ons baie belangrik. Dit is hier waar ons onderwysers en leerders mekaar baie beter leer ken. Elke leerder kan hier op sy gawes konsentreer en sodoende help bou aan Laerskool Birchleigh. By Birchleigh is dit nie belangrik dat leerders moet wen om te presteer nie, elke leerder wat deelneem, het klaar presteer deur betrokke te raak.

1. EERSTE KWARTAAL

*Interhuis atletiek: Massa deelname
*Atletiek
*Skaak
*Voortrekkers
*Revue
*Rugby
*Netbal
*Leierontwikkeling

2. TWEEDE KWARTAAL

*Rugby
*Netbal
*Revue
*Redenaars (Afrikaans/Engels)
*Valkierugby
*Skaak
*Leierontwikkeling
*Engeltjienetbal

3. DERDE KWARTAAL

*Krieket
*Tennis
*Landloop
*Skaak
*Voortrekkers
*Mini-krieket
*Redenaars
*Leierontwikkeling
*Kunswedstryd
*Hokkie
*Jukskei
*Revue

4. VIERDE KWARTAAL

*Voortrekkers
*Atletiek
*Graad 7 Afskeid
*Leierontwikkelingskamp

TUISWERK IN DIE INTERMEDIÊRE - EN SENIORFASE

1. ALGEMEEN

a)Huiswerk is die uitvoering van 'n opdrag of versoek van 'n onderwyser wat buite die gewone skoolure deur die leerders gedoen moet word.
b) Dit moet die leerders lei om progressief te studeer ooreenkomstig sy gedeeltelike toenemende leerbekwaamhede.
c) Huiswerk is 'n voortsetting van wat reeds in die klaskamer aangeleer is.
c) Daar word elke dag huiswerk in Afrikaans, Engels en Wiskunde gegee.

2. DOELSTELLINGS MET HUISWERK

a) Die opvoeding van selfstandigheid deur middel van selfwerksaamheid.
b) Die vorming van gesonde studiegewoontes.
c) Selfdissiplinering ten opsigte van vryetydsbesteding.
d) Die skep van nodige geleenthede tot selfstandige verwerwing van kennis en vaardighede op elke onderrigvlak.

3. BELEID TEN OPSIGTE VAN HUISWERK

a) Onderwysers gee die leerders geleentheid om huiswerk in die klas af te skryf.
b) Ouers moet daagliks die huiswerkboekie teken sodat hulle, hulle vergewis van die huiswerk en kan toesien dat huiswerk gedoen is.
c) Indien leerders afwesig was, moet hy/sy die daaropvolgende dag of op die dag wat hy/sy weer by die skool is, die agterstallige huiswerk by die onderwysers kry en inhaal.

4. HOE KAN DIE OUER BEHULPSAAM WEES?

a) Sorg dat u kind 'n geskikte plek het om huiswerk te doen.
b) Stel in samewerking met u kind 'n huiswerkrooster op.
c) Gee hulp en motiveer, maar moenie u kind se huiswerk vir hom/haar doen nie.
d) Let gereeld op u kind se punte en teken die toetse wat huis toe gestuur word.
c) Maak kontak met die onderwyser, indien daar iets is wat kwel.

REKENAARSENTRUM

REKENAARSENTRUM

Die leerders word vanaf hul eerste dag blootgestel aan die hoogs tegnologiese sentrum. Ja, selfs graad R besoek die sentrum weekliks. Hulle word eers blootgestel aan die basiese gebruik van die rekenaar as sulks. Binne die eerste paar lesse raak hulle vinnig vertroud met die sentrum en vorder dan sonder keer.

Die leerders werk op programme wat in elke huishouding beskikbaar is sodat die leerders ook tuis hulleself kan bekwaam en sodoende 'n spelrekenaarfundi word. Leerders word ook aangemoedig om naslaanwerk op die rekenaar met behulp van ons CD ensiklopedieë te doen

NASKOOLSENTRUM

Laerskool Birchleigh beskik oor 'n naskoolsentrum vir Graad 1 - Graad 7 leerders. Die naskoolsentrum word bedryf deur sy eie naskoolsentrumhoof en personeel wat veranwoordelik is vir die veiligheid en toesig van leerders. Die naskoolsentrum word bedryf gedurende skoolkwartale vanaf 13:30 - 17:30, insluitende skoolvakansies vanaf 07:00 - 17:30. Openbare vakansiedae is dit egter gesluit.

Verpligte tye vir huiswerk/studie word gedurende skoolkwartale onder toesig van onderwys-personeel gehandhaaf vanaf 14:00 - 15:00. Voorsiening word gemaak vir kinders wat aan sport of kultuuraktiwiteite deelneem met 'n addisionele huiswerkklas vanaf 15:00 - 17:00.

BIRCHLEIGH BYTJIES

1. Kinders uit ons breë gemeenskap word toegelaat om van die Pre-Primêre skool gebruik te maak.
2. Die Pre-primêre skool funksioneer gedurende skooltermyne.
3. Die skoolure is vanaf 7:00 tot 12:30.
4. U moet EEN KALENDERMAAND KENNIS GEE, met ander woorde as u op die tiende van die maand kennis gee, betaal u tot die tiende van die volgende maand. Kennisgewing van opsegging word bereken vanaf die datum waarop 'n skriftelike kennisgewing ons bereik. Geen mondelinge kennisgewing sal aanvaar word nie.
5. Die fooie is streng vooruitbetaalbaar voor of op die derde van elke maand.
6. GEEN SUBSIDIES word toegeken nie en indien u enigsins nalaat om die skoolgeld stiptelik te betaal, sal u kind nie langer toegelaat word om die skool by te woon nie.
7. Geen leerder sal toegelaat word om gedurende die dag die terrein te verlaat nie, tensy u skriftelik toestemming verleen. Geen telefoniese toestemming word aanvaar nie. Leerders moet persoonlik afgehaal word of deur persone wat skriftelik deur u daartoe gemagtig is.
8. Die Pre-primêre skool is geregistreer by die Departement van Onderwys.

STRUKTURERING VAN BESTUURSPAN

SKOOLHOOF

Herman Stebbing

ADJUNKHOOF

Edna Wepener

DEPARTMENTSHOOF GRONDSLAGFASE

Catryn Mostert

DEPARTMENTSHOOF INTERMEDIÊRE - EN SENIORFASE

DEPARTMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING

Jan Nel

Die skool se telefoonnommer is (011) 972-2127
Ons is enige tyd tot u beskikking! Skakel gerus as u probleme ondervind of inligting verlang.

Christus is koning by ons skool!



Entrepreneurskap word aangemoedig.

Bekostigbare skoolgelde.

"Groeigenoot" Inligtingstuk weekliks.

Ouerinspraak

Leerders word beloon vir harde werk d.m.v. Merietetoekennings.